

Onderweg 'n musiekstorie van 40 jaar - die Jannie du Toit fenomeen

FRANCOIS VERSTER

Soos die titel aandui, handel dié boek – ek het slegs die boek ontvang, so ek kan net daarop kommentaar lewer – oor Jannie du Toit se musiekloopbaan oor vier dekades: dus het dit 'n retrospektiewe, outobiografiese inslag; hoewel Du Toit beplan om steeds te sing én dit nie 'n outobiografie in die volle sin van die woord is nie.

Maar, die boek, die boek: die omslagontwerp is aantreklik, soos mens nou al verwag van African Sun Media se produkte – Piet Grobler se styl is boonop onmiskenbaar interessant, humorvol en esteties behaaglik, terwyl die multimedia keuse vir my ook toepaslik is: Du Toit se oeuvre spreek immers ook van veelvlakkigheid en mens verwag dieselfde simfonie van kleur en tekstuur en verrassings wanneer jy dieper probeer kyk. En daar is darem niks wat die geur van 'n nuwe boek klop nie – jammer, maar elektroniese opsies sal vir die uwe altyd net opsies bly: boek-in-die-hand is steeds koning!

Geluk aan die uitgewer vir nog 'n uitstekende visuele treffer.


Die inhoud stel ook nie teleur nie – die teks is informatief en mildelik toegelig met illustrasies, foto's, knipsels; alles in kleur. Die effek is dié van 'n persoonlike narratief, amper soos Du Toit se eie dagboek, maar keurig en professioneel aangebied. Op die outeur se

60ste verjaardag kan daar nouliks 'n beter geskenk aangebied word, maar soos ons Du Toit al leer ken het, is om te géé sy aard en kry hy nie 'n peresent nie, maar géé hy een – aan diegene wat sy werk en vreugde (en dít is sinoniem) wil deel. Die uitgewer beweer dat hierdie boek 'n “boekstaving is van 'n bepaalde genre van Afrikaanse musiek” en dit is inderdaad so – dit gaan oor meer as Jannie du Toit, en mens lees oor bekendes soos Laurika Rauch en Lucas Maree, oor Du Toit se wortels in die bedryf (bv. met die Trilogie-groep) en sy lang vennootskap met Christa Steyn, asook modes en giere in die bedryf, want oor vier dekades kan Jannie du Toit met gemak patrone insien en met gesag daarop kommentaar lewer.

Onderweg word bemark as 'n koffietafelboek, maar bied meer as wat van meeste koffietafelboeke verwag kan word: die verhaal van Troebadoer du Toit het lae soos 'n ui, maar dit sal jou eerder laat glimlag as huil.

Aan te beveel vir aanhangers van Jannie du Toit, maar ook van musiek in die algemeen. Hier ontvou die inspirasies, drome en prestasies van 'n ware eksponent van kreatiwiteit in klank, en resoneer dit in uiteindelijke harmonie met die outeur se dampkring, asook 'n hele generasie Afrikaanse musikante.

● *Onderweg: 'n musiekstorie van 40 jaar.* R280, sagteband, 160 bladsye, ISBN 978-1-919985-43-5



What's On

Marlene gesels oor Soetgoed

Human & Rousseau en Bookstorm hou 'n oggendtee saam met skrywer Marlene van der Westhuizen, wat sal gesels oor haar nuwe resepteboek, *Soetgoed*. Die praatjie vind plaas op Vrydag 4 November, by die Breytenbach Sentrum, hoek van Malherbe en Burgerstraat, Wellington, om 10vm vir 10.30vm. Prys is R100, RSVP en kaartjieverkope by Breytenbach Sentrum op 021 873 2786 of info@breytenbachsentrum.co.za en vir inligting.

Papegaaiberg Amazing Race

Vuya Endaweni Community Conservation Partnership on Papegaaiberg, invites all Stellenbosch schools to participate in their Amazing Race on Papegaaiberg on Saturday October 29. Schools can enter a team of eight: one teacher, one adult sponsor and six pupils. The first high school and junior school team down the mountain with the correct answers will be the winners. The event starts at Oude Libertas at 8.30am and finishes at 1pm. Enter your school by sending an email to info@vuyaendaweni.com or calling Leanne Seeliger at 072 203 2113.

● Send notices of what's on in your area, entertainment news and letters to bolander@mweb.co.za. The deadline is the Friday preceding publication.